


**Fritha Langerman se *Insnydings V*, tans in die Kasteel te sien.**

# Disseksie op soek na persepsies

DIE Goeie Hoop Galery in die Kasteel wys tans 'n ongewone versameling drukke, getiteld *Die Disseksie*, deur Fritha Langerman. Onder meer word die invloed van mediese illustrasie op die mens se persepsies van die liggaam ondersoek. 'n Subtema is "vorms van gevangenskap".

Die drukke is op verskillende materiale en maak gebruik van tegnieke soos sifdruk, etswerk en kollografie. Die meeste van die werke is op die beginsel van nie-identiese meervoude in beperkte uitgawes van ses kopieë beskikbaar.

Daagliks te sien tussen 09:00 en 16:00; navrae by ☎(021) 462-3751 (Kasteel) of ☎(021) 23-2812 (die kunstenaar).

● Die Bellville Kunssentrum bied vanjaar 'n verskeidenheid kursusse aan, onder meer in teken en skilder, kalligrafie, pottebakkery en fotografie. Daar is ook klasse vir kinders. Navrae by ☎(021) 918-2293.

Vandeesweek in die kunssale:

**Bellville Kunsvereniging**, Biblioteekgebou, Carel van Aswegen Straat: *Kaapse Kwiltgenot*, met reeks lesings tot 11 Februarie. Bel ☎(021) 918-2301.

**Cape Gallery**, Kerk Straat 60, Kaapstad: Skilderye in gemengde media deur Odille Kidd.

**Dorp Straat Galery**, Stellenbosch: Somertentoonstelling deur plaaslike kunstenaars soos Paul Emsley en Lyn Smuts. Botaniese kuns by die Lanzerac Hotel.

**Durbanville Kultuurvereniging,** Rust-en-Vrede, Wellington Weg, Durbanville: *Expo '95* deur 17 vooraanstaande kunstenaars.

**Goeie Hoop Galery,** Die Kasteel, Kaapstad: *Die Disseksie* deur Fritha Langerman. Ook *Illusies van Identiteit*: beeldhouwerk deur Bernadette Searle.